# Die Lewende Kerk

# Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 10 September 2017*

*Baie Welkom by ons Erediens!*

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel
Lees: Mark 12: 28-34.
Fokus: Mark 12: 29-31.
**Soli Deo Gloria – net tot eer van God.**

## Omgee:

- Pieter de Klerk se moeder word DV Woensdag 13 September begrawe en die dankdiens is om 14:00 by Elm Park Village in Northcliff.
- Isébel Macleod se broer is ernstig siek met kanker.
- Ella Botha se suster is ook ernstig siek met kanker.
- Baie geluk aan Quinton en Anjé Sofianos met die geboorte van hulle babaseuntjie Juan-Luc in die week.

## Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges.Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

# Afkondigings:

- Ons is besig met ‘n 40 dae reeks “Vreugdevol Vry” wat handel oor die 5 Solas van die Reformasie. Elke week gaan ons ‘n Sola hanteer in die preek, Bybelstudie en dagstukkies vir die week. Vandag kyk ons na **“Soli Deo Gloria” (net tot eer van God).** Op grond van die preek is daar dan ook verskeie kleingroep byeenkomste wat handel oor “Woord alleen”.
- **Gemeente-toerusting** vanmiddag om 17h30 in die kerkgebou. Ons behandel week 11 (Die pad vorentoe) van “Oorwinnaars Dag vir Dag”.
- Die **Hoërskool kategese** vind ook plaas om 17h30.
- Daar is behoefte aan gewillige lidmate om hulle hulp aan te bied by die **rekenaar en kamera**. Sê vir Matt Brummer.
- **Dankie-sê briewe** vir tiendes wat verlede jaar (2016) gegee is, is by Elma agter in die kerk beskikbaar.
- **Databasis:** stuur jou naam en die vaardighede waarmee jy diensbaar kan wees, asook jou beroep vir die kerkkantoor: kantoor@bergbron.org.za. Indien jy nie e-pos het nie, kan jy dit per whatsapp stuur na **Fanie Olivier** by 079 710 2344
- **Tee/koffie skinkbeurte** – vandag is Groep 5, Sophie, Santjie, Susan le Roux en Anja aan die beurt. Volgende Sondag skink Groep 1, Susan Botha, Kinnie, Annette en Maureen.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.zaof sms na 072 651 8286).

# Lentetee vir ons Senior lidmate: 27 September
# Potjiekos- en Kuierdag, DV 14 Oktober

Hierdie jaar weet ons reeds van mooi pryse! Inskrywings kan reeds gedoen word. Kry ‘n vorm of vra vir een op e-pos by kantoor@bergbron.org.za.

# Die Lewende Woord vir Jou vandag

Lees: Mark 12: 28-34.
Fokus: Mark 12: 29-31.
**Soli Deo Gloria – net tot eer van God.**

1. Die wese van ‘n lewe tot God se eer.
- Om te lewe tot God se eer is my reaksie op God se liefde.
- Om te lewe tot God se eer is om liefde terug te gee aan God.

2. Die praktyk om te lewe tot God se eer.
- Om te lewe tot God se eer is om my aandag op God te fokus.
- Om te lewe tot God se eer is om my gevoelens teenoor God uit te druk.
- Om te lewe tot God se eer is om my vermoëns vir God te gebruik.

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:**

- Wat is die wese van ‘n lewe tot God se eer?
- Wat beteken dit om God lief te hê met jou hele verstand?
- Wat beteken dit om God lief te hê met jou hele hart en siel?

- Wat beteken dit om God lief te hê met al jou krag?

# Gebed

✍ ONTHOU ASB: **GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00**
Sondagoggende is daar geleentheid vir ALLE lidmate om saam te bid vir die twee eredienste asook gemeente-aktiwiteite.

**Stap 3 van die 7 stappe: Delf dieper –** *Kyk na gebed op 'n nuwe manier*
**Hoekom maak ek van stappe gebruik:**

- Dit is doodgewoon ‘n spreektaal om dit stappe te noem
- Ons neem tog stappe om oral te kom waar ons wil wees.
- Om 'n lewe te leef onder God leiding, neem een stap (tree) op 'n slag. (Taking baby steps of obedience)

Waaraan dink jy as jy aan gebed dink? Dalk die Onse Vader of Jesus se gebed vir Sy dissipels?
Ek het my meteens bevind in ‘n werksposisie in ‘n besigheid. Vir my was dit ‘n moeilike tyd om weggeruk te word uit Koördineerder van ‘n Kindergebedsnetwerk na Bestuurder van ‘n besigheid. Interessant die besigheid is gerig daarop om, natuurlik besigheid te doen maar ook om ons mense op te hef. Dit het nie altyd maanskyn en rose gegaan nie. Die situasie het op ‘n dag so oorweldigend geword dat ons besluit het om saam te bid. Ons het God vasgegryp en gevra vir Sy wysheid en insig.
**Gebed soos om met God te gesels.**
Tuis het Susan en ek stil geword, by God gaan sit en nie met God gepraat nie, Nee! Ons was in ‘n gesprek met God.
Die volgende Woensdagaand tydens ons gebed het ons die hele situasie aan die lig gebring. Almal het saam met ons gebid. Intussen het die oorweldigende situasie ‘n geleentheid geword. Uit ‘n gesels met God en omdat ons die situasie aan die lig gebring het, het ons ‘n vrede ervaar wat alle verstand te bowe gaan.

Van my kant af sal ek graag wil stil staan by die onderwerp – ***Kyk na gebed op ‘n nuwe manier.***
Sou graag met ‘n volgende uitgawe meer wou sê oor:
Gebed vir ‘n wonderwerk
Gebed vir ‘n guns
Dankie sê
Gebed vir Help!
Volgehoue gebed. en nog meer

Neem asb. deel en deel julle ervaringe. Hoor graag van julle.

➢ Onthou – Word stil, Bid , Luister en Doen (neem die Eerste babatreetjie.)

# Wil jy by Bergbron Gemeente aansluit?

Vul ’n pienk vorm in en gee dit vir ds Stephan.

# Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

| | | |
|---|---|---|
| 12/09 | MARIE ERASMUS (88) | 011 837 5915 |
| 16/09 | NELLIE GRIMBEEK | 082 428 4902 |
| 16/09 | JACQUES MOOLMAN | 072 277 0036 |

# Mag die Here jou oorvloedig seën

# Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:** www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za

Pastor Gordon Calmeyer – assists with ministry and pastoral care: 011 672 1219, 076 867 3125, zooch234@gmail.com

Koster – Martin Rodgers: 083 206 7483

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan)

Jeug – vakant (kontak Vernon Fortune: 071 217 7792, vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep –Gerhard en Susan Botha 065 396 8320

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

Vroue-aksie – Annette Müller 082 449 2344 en Elma Mulder 082 416 4138

**Bankbesonderhede**: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Vrydae tussen 09:00 en 13:00. Maak `n afspraak tel. 011 673 9705 of 072 651 8286 **kantoor@bergbron.org.za**

**Diakens**: kontak Francois Kruger 082 777 0632

**Ouderlinge:** Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Charl Truter 071 484 0132; Willie Volschenk 082 777 7734.